
# Om 'n Muur te Bou

## Gedagtes uit Nehemia



Louis Nel

# Om 'n Muur te Bou

## Oordenkinge oor Nehemia

**Louis Nel**

April 2023

Saamgestel en gedruk deur
Mosbolletjie Publikasies
louis@dagstukkie.co.za
082 771 4925
www.dagstukkie.co.za

# Nehemia

## Inhoud


1 Dualisme – die Onding!
2 Slegte Tyding
3 Voor die Koning
4 Teenstand!
5 Inspring en Bou!
6 Bedreiging uit Samaria
7 Ekonomiese Krisis
8 Voorbeeld
9 Nehemia se Lewe Bedreig
10 Inwoners word Hervestig
11 Voorlees van die Wet
12 Gróót fees!
13 Verootmoediging
14 Die Onderneming
15 Gróót Feestelikheid
16 Toewyding
17 Die Sabbat Ontheilig
18 Gemengde Huwelike

# Dualisme – die Onding!

## Inleiding tot Nehemia

**VIDEO | OUDIO**

Dualisme is onaanvaarbaar vir ‘n gelowige! Jy het sékerlik al iemand hoor sê: “Ek kan dit nie glo van Koos nie! Hy is dan só ‘n gawe man, hoe is dit moontlik dat hy so ‘n buffel kan wees wanneer hy by die huis is? Hy het sy arme vrou en kinders verrinneweer!”

Ja, dikwels is iemand die goedheid vansélf by die werk en ‘n skobbejak tuis, of andersom ‘n goedhartige gesinsman tuis maar ‘n ware buffel by die werk, wat sy werknemers ‘n harde tyd gee. Dit is beslis nie iets wat by ‘n gelowige pas nie! Jy is nie Sondag by die kerk die vroom Christen en Maandagaand saam met jou pêlle die een wat vloek en vuil grappies vertel nie. Jy is konsekwent. ‘n Fontein kan mos nie

terselfdertyd vars én bitter water uitborrel nie?!

Dit is wat ons by Nehemia sien – hy bly konsekwent in alle omstandighede! In die koning se hof is hy die bekwame skinker wat sy werk met toewyding uitvoer, en later bou hy mure in Jerusalem met presies dieselfde toewyding, alles ter wille van dié God wat hy met volle toewyding dien.

Nehemia se verhaal het afgespeel terwyl Artasasta koning was in Persië, tussen 465 en 424 vC. Hy het ook bekend gestaan as Artaxerxes I. Dit was ‘n tyd van groot politieke onstabiliteit, met opstande regoor die Persiese ryk, tot selfs in Egipte. Nehemia was die koning se skinker, en dus ‘n hooggeplaaste amptenaar en die koning se vertroueling. Dit sou dus vir die koning tot voordeel wees om iemand soos Nehemia na Jerusalem te stuur om daar stabiliteit te bewerkstellig.

Alhoewel hierdie boek onder meer handel oor Nehemia se persoonlike herinnerings

van die herbou van Jerusalem, was dit egter eers meer as 100 jaar later op skrif gestel, waarskynlik deur dieselfde priesters as wat Kronieke en Esra verwerk en saamgestel het. Dit kon selfs so laat as 330 vC, in die tyd van Alexander die Grote sy beslag gekry het. Sommige teoloë is van mening dat die oorspronklike skryfwerk nie deur Nehemia gedoen was nie, maar eerder deur Esra.

Ons kan die boek in vier hoofdele opdeel. Die eerste sewe hoofstukke handel hoofsaaklik hoe die mure van Jerusalem herbou was, dikwels onder groot weerstand. Die tweede deel, hoofstukke 8 tot 10 handel oor Esra se hervormings. Deel drie, hoofstukke 11 en 12 beskryf ‘n paar aangeleenthede wat Nehemia hanteer het, soos die inwyding van die muur, asook die saamstel van ‘n lys van wie in Jerusalem moes bly, en wie na ander nedersettings moes gaan. Die vierde deel,

hoofstuk 13 vertel van sy tweede besoek aan Jerusalem.

Wie was Nehemia? Ons weet nie veel van sy persoon af nie, buiten dat hy ‘n Judeër was wat tydens die ballingskap uit Judea weggevoer was. Hy het uiteindelik in die hof van die koning opgeëindig, waar hy ‘n hoë pos beklee het in die stad Susan. Dis terloops dieselfde stad waar Ester ook koningin was!

Nadat hy na Jerusalem gestuur was, het hy nóú saamgewerk met Esra, waar hulle baanbrekerswerk gedoen het om die stad nie alleen fisies te herbou nie, maar ook geestelik. Alhoewel hulle saamgewerk het, het hulle persoonlikhede baie wyd verskil. Esra het met mooi woorde, konsultasie en oorreding sy doel bereik met sy taak. Nehemia was weer die sterk leier wat verkies het om sy werk te doen sonder om ander se raad te vra. Hy het nie teenstand geduld nie, en hy het beslis geweet wat hy wou hê!

Ten spyte hiervan, het hy die volk agter hom gehad, want almal het sy leierskap ten volle vertrou! Hulle het geweet dat dít wat hy gedoen het, nie in sy eie belang was nie, maar in húlle belang. Dit het hulle geïnspireer om met groot ywer hulle volle gewig in die taak in te gooi.

Ons leer Nehemia ken as iemand wat lief was vir die Here. Ons sien ‘n lang, hartroerende gebed toe hy verneem het van die toestand van Jerusalem. Later sien ons egter by ‘n paar geleenthede ook dat hy ‘n “skietgebed” opgestuur het toe die nood gedruk het.

Op die oog af lyk die boek Nehemia of dit ‘n storie is van ‘n muur wat gebou word, maar dit is véél meer en elkeen van ons kan vandag leer uit hierdie boek wat steeds vandag, meer as 2000 jaar later aktueel is!

Gebed:

Here, ons gebed is dat U hierdie boek wat lyk na net nog ‘n stukkie geskiedenis, vir

ons sal oopbreek sodat ons duidelik U stem daarin sal hoor!

2

# Slegte Nuus!

## Nehemia 1

**VIDEO | OUDIO**

"Jerusalem se mure lê aan skerwe! En die pragtige ou stadspoorte – alles tot as verbrand!"

Hoe sou jy voel as iemand uitasem aangehardloop kom en vir jou vertel dat daar 'n gewelddadige betoging was en julle pragtige ou kerkgebou is totaal verwoes? Die gebou is natúúrlik nie heilig nie, maar daar is soveel geskiedenis aan gekoppel. Dis boonop die sentrum waar 'n duisend aktiwiteite plaasvind. Buiten die eredienste Sondae, is dit 'n plek waar mense bymekaarkom om 'n voedingskema te bedryf vir armes. Daar word gewerk in die Koninkryk, Bybelstudie gehou en nog baie ander dinge. Dis 'n ramp! Almal staan verslae!

Dan staan Andries op en hy maak almal stil: “Vriende, ‘n groot ramp het ons getref! Maar dis beslis nie die einde nie. As ons almal saamwerk, gaan ons dit herbou. Ek vra dat ‘n ieder en ‘n elk sal deelneem om ‘n sukses van ons projek te maak!”

Vandag kan ons verseker wees dat die Here keer-op-keer die regte mense op die regte tyd gee om ‘n hopelose situasie te beredder. Só was dit ook in die tyd toe die ballinge begin terugkeer het na Jerusalem.

Nehemia, ‘n Judeër wat in Persië gebore is, het daar in die vreemde groot opgang gemaak, en hy was een van Koning Artasasta (ook bekend as Artaxerxes) se hooggeplaasde amptenare. ‘n Paar van sy mede-amptenare het vrylating uit ballingskap gekry, en dit was beslis ‘n heuglike dag toe hulle kon terugkeer na hulle geliefde Jerusalem. Esra het 13 jaar voor Nehemia teruggekeer, en daar was toe al genoeg mense wat teruggekeer het, sodat hulle toe reeds die tempel herbou het.

Hulle vreugde was egter van korte duur, want wat hulle daar aangetref het, het hulle met afgryse vervul. Die eens trotse stad was in totale verval. Die ondeurdringbare mure het omgeval, eintlik afgetakel deur die vyand om die stad en mense kwesbaar te maak. En waar die stadspoort eens majestueus gepryk het, was daar nou slegs swartgebrande gate wat géén vyand kon uithou nie. Een van die manne, Ganani is inderhaas terug na Susan om die verskriklike nuus oor te vertel. Terloops, Persië het vier belangrike hoofstede gehad, waarvan Susan een was. Babel was nóg so ‘n vestingstad.

Toe hierdie ontstellende nuus Nehemia bereik, was hy hoogs ontsteld. Hy het gaan sit en huil sonder ophou en vir dae lank aanmekaar getreur oor die verskriklike situasie. Soos iemand wat in rou was, het hy getreur en gevas. In sy verbeelding het hy nog die prentjie gehad van die wondermooie stad soos wat Pa hom vertel

het. Nou is daar net meer niks van al die skoonheid oor nie, en al die sekuriteit is daarmee heen. Dis oop vir enige vyand om te kom en gaan soos hy wil!

Het Nehemia homself maar net aan sy lot oorgegee? Nee! Nadat die skok effens bedaar het, het hy die bul by die horings gepak en ..... GEBID!

Nehemia se gebed gryp jou aan die hart: "*Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God, wat die verbond en trou handhaaf vir hulle wat Hom liefhet en sy gebooie nakom, laat u oor asseblief aandagtig wees, en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u dienskneg wat ek vandag, wat ek dag en nag voor U bid oor die Israeliete, u diensknegte, die gebed waarmee ek die sondes van die Israeliete bely wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig.*"

Ons sien duidelik dat hier 'n verhouding is tussen Nehemia en die Here. God is getrou – Hy het immers 'n verbond met Sy volk

gesluit, en Hy bring Sy kant van die verbond! Ons sien in sy gebed sy liefde vir die Here, asook sy volle afhanklikheid. Nehemia is verder vas oortuig dat die Here gebede verhoor.

Lees gerus ook Daniël 9:4 en 7, waar Daniël se aangrypende gebed feitlik woord-vir-woord dieselfde is as dié van Nehemia. Albei is manne wat die Here innig liefgehad het en voluit gedien het!

Nehemia besef maar ál te goed waarom sy volk in ballingskap weggevoer is – hulle het gesondig! In sy gebed doen hy nou belydenis van die sondes namens sy volk. Maar hy beskou homself óók as deel van hulle, dus sluit hy homself en sy familie in wanneer hy om vergifnis vra. Hulle het almal God se wet en Sy voorskrifte oortree!

Iemand wat só bid staan nakend voor God, gestroop van ál jou valsheid en opgesmuktheid. Jy staan magteloos, totaal ontbloot voor die groot, alwetende en almagtige God wat dwarsdeur jou sien!

Nehemia het baie goed besef dat die Here die volk sou verstrooi as hulle ontrou is aan Hom. Maar Hy is ‘n genadige en liefdevolle God, en wanneer hulle hulle sou bekeer en terugdraai na Hom, sou Hy hulle weer bymekaarmaak en terugbring na Hom. Hulle is immers Sy eiendom!

Aan die einde van sy gebed vra Nehemia die Here dat Hy hom asseblieftog sal laat slaag in dít wat hy moet doen. Hy vra dus nie net dat die Here iets moet doen oor die situasie nie, maar hy verklaar homself bereid om die Here se hande en mond te wees. Hy is bereid om sélf in te spring en te werk!

Gebed:

Here, ek leer só baie uit Nehemia se gebed. Maak my asseblief bereid om op te staan en te doen wat nodig is!

3

# Voor die Koning

## Nehemia 2:1-10

VIDEO | OUDIO

‘n Mens dra gewoonlik sy gemoedstoestand op sy gesig, dis maar net natuulik! Jy kan egter aanleer om dit nie te doen nie, maar eerder vriendelikheid en liefde uit te straal. Dit doen beslis iets aan die mense wat jy ontmoet, maar dit doen ook iets aan jou eie gemoed, selfs wanneer jy neergedruk voel.

Nehemia het sy bes probeer om nooit sy bekommernisse te wys as hy voor die koning was nie. Die nuus oor Jerusalem se verval was egter net een te veel vir die arme Nehemia, en al het hy ook hóé hard probeer, het die kommer op sy gesig gewys toe hy daardie dag vir die koning sy wyn moes aangee. “Wat’s fout, Nehemia? Ek kan sien dat iets jou pla! Is jy siek? Jy lyk hartseer!”

Nehemia se knieë het sommer lam geraak – hy het hom yskoud geskrik! Hoe kon hy toelaat dat hy voor die koning sy kommer kon wys? Maar dit was te laat om dit te probeer wegsteek, toe kom hy maar met die hele sak patats na vore en vertel hom van wat in Jerusalem aan die gang was.

"Nehemia, is daar dalk iets wat jy my wil vra?"

Skielik sien Nehemia die Here se antwoord op sy ernstige gebed van vroeër. Die Here het 'n groot deur wawyd oopgegooi vir hom, en nou moes hy baie vinnig dink. Die koning wou weet wat hy wou hê, en hy moes dit baie vinnig met albei hande aangryp. Daar was nie nou tyd om eers te gaan sit en beplan oor presies hoe hy die saak moes hanteer nie. Natuurlik sou die regte ding wees om eers te gaan bid oor die saak om die Here te raadpleeg, maar daarvoor was óók nie nou tyd nie! Dus doen Nehemia die enigste ding wat vir hom reg was – hy stuur 'n skietgebed op!

Op daardie oomblik het Nehemia presies geweet wat om vir die Koning te vra! “As dit die koning behaag, stuur my dan asseblief na Juda toe sodat ek die stad waar my voorouers se grafte is kan herbou.” Deur te praat van sy voorouers se grafte, het hy die koning se simpatie ontlok, want die Persiese gebruik was om mense wat gesterf het bloot vir die aasdiere te los! Slegs koninklikes het ‘n behoorlike begrafnis gekry.

Die koning het nie eers teëgestribbel nie: “Wanneer gaan jy terug wees?”

Toe Nehemia die gaping sien, vat hy hom en vra sommer vir briewe aan die goewerneurs sodat hy sonder moeite kon reis waar hy moes, asook briewe om hom toestemming te gee om hout te kry uit die koninklike bos vir al die bouwerk. Dan maak Nehemia die opmerking: “*Die koning het die briewe vir my gegee, omdat die goeie hand van my God oor my was.”* (Neh. 2:8b).

Deur hierdie hele gesprek sien ons hoedat Nehemia God vertrou in alles. Voordat hy die koning vra om hom te stuur, raadpleeg hy eers die Here, al is dit net in ‘n skietgebed. En dan, wanneer alles presies uitwerk volgens plan, gee hy ál die eer aan God, want dit is immers die Here wat dit so bewerk het! Let wel dat hy nie verlof vra om te kan gaan nie, maar hy vra die koning om hom te stuur! Hy gaan dus as ‘n amptenaar van die koning, en daarom met die koning se gesag. Maar nog meer, die koning het selfs die bevelvoerders van die leër en 'n ruitery saam met hom gestuur om hom by te staan. Vir hoeveel meer kon hy vra? God se voorsiening in alles slaan jou asem skoon weg!

Die vraag is: waarom het alles so vlot verloop? Die koning het nie eers sy versoek bevraagteken nie! Daar is verskeie redes, waarvan die héél belangrikste is dat God se hand oor hom was, en dat Hy dinge in die guns van Nehemia laat werk het. In die

eerste plek was Nehemia ‘n vertroueling van die koning. Dan was die koning boonop die spesifieke dag in ‘n baie goeie bui  hy het selfs die koningin aan sy sy gehad (vers 6.) Dit was slegs toegelaat wanneer die koning in ‘n gemoedelike stemming was. Was dit bloot toevallig? Beslis nie! “Die goeie hand van God was oor hom!” (vers 8).

Uit die verloop van die verhaal wil ons verwag dat alles verder net seepglad sou verloop. Maar só maklik was dit nie, want die Bose sou dit nooit toelaat nie!

Sanballat uit die dorp Bet-Goron, noordwes van Jerusalem, was die Streekgoewerneur van die provinsie Samaria. Saam met hom was Gesem die Arabier en die Ammonitiese amptenaar Tobija beslis nie gelukkig toe hulle hoor van die toedrag van sake nie. Hulle het uitgebreide ekonomiese belange gehad in die streek, en die vervalle toestand van Jerusalem het hulle baie goed gepas. Dit het beteken dat hulle nie werklik

kompetisie gehad het nie. Sou Jerusalem herstel word en weer finansieel lewensvatbaar word, sou dit vir hulle kompetisie beteken en hulle winsgrense sny. Dit wou hulle ten alle koste vermy!

Van hierdie drie manne sou Nehemia nog baie moeilikheid kon verwag, dus moes hy sy beplanning uiters versigtig doen. Nehemia het egter geweet dat hy in God se opdrag optree, en dat hy slegs op Hom hoef te vertrou.

Gebed:

Here, ek staan elke keer in verwondering wanneer ek sien hoedat U op wonderbaarlike maniere voorsien wanneer alles hopeloos lyk. Dan besef ek net weereens dat U die almagtige God is!

# Teenstand!

## Nehemia 2:11-20

VIDEO | OUDIO

"Toe Sanballat, Tobija en Gesem hoor....."

Nét daar begin Nehemia se moeilikheid! In vers 10 lees ons: "Hulle het dit as 'n ramp beskou dat iemand gekom het wat iets goeds vir die Israeliete wou doen." Jy moet mos bly wees dat daar goed gedoen word aan iemand, maar hierdie drie manne was kwaad daaroor! Dit het Nehemia genoop om uiters versigtig te werk te gaan!

Nehemia was skaars drie dae in Jerusalem toe hy alreeds sy planne agtermekaar gehad het. Natuurlik het hy baie mooi geluister na wat die Here hom op die hart gelê het. In die grootste geheimhouding roep hy 'n klein handjievol betroubare manne bymekaar. Hulle wag totdat dit pikdonker is, en dan klim hulle op hulle

rydiere en onder dekking van die nag sluip hulle deur die Dalpoort na buite die stad sonder dat enigiemand hulle sien. Versigtig, in doodse stilte ry hulle al langs die buitekant van die stadsmuur af verby die Jakkalsfontein tot by die Ashooppoort. Terwyl hulle so ry, doen hulle noukeurig inspeksie van die toestand van die mure en die afgebrande stadspoorte. Van die Ashooppoort af is hulle verder tot by die Fonteinpoort en die koning se dam. Maar daar kon hulle nie verder nie want hulle pad was versper. Hulle was verplig om maar weer terug te keer na waar hulle begin het by die Daspoort.

Nehemia het nie geweet wie hy kon vertrou nie, dus vertel hy niemand buiten die paartjies wat saamgegaan het van sy doen en late nie, selfs nie eers die stadsleiers nie!

Eers toe hy klaar sy inspeksie gedoen het en die omvang van die skade aan die stadsmuur bepaal het, roep hy die

stadsleiers bymekaar. “Julle besef seker dat ons in groot moeilikheid is? Ons mure is vervalle en die stadspoorte is almal afgebrand! Ons is ‘n bespotting van almal rondom ons! Kom ons herbou die mure!”

Toe vertel Nehemia die leiers van sy ervaringe met God, en hoedat Hy Nehemia gelei het en voorsien het op die mees asemrowende manier. Hy vertel hulle ook van die koning se wonderlike reaksie toe hy hoor wat aan die gang was. Nie alleen het hy ingestem dat Nehemia kon gaan nie, maar hy het Nehemia amptelik gestuur en hom boonop nog toestemming gegee om hout te kry vir die bouwerk uit die koning se bos!

Almal was sommer dadelik baie entoesiasties, en soos één man stem hulle in om te begin om die mure te herbou.

Maar......

Sanballat van Goron, Tobija, die Ammonitiese amptenaar, en Gesem, die

Arabier het van hulle besluite te hore gekom! Hierdie drie slinkse sakemanne was gladnie beïndruk met die verloop van sake nie: “Ons moet hierdie onding sommer dadelik in die kiem smoor!” besluit hulle. Hulle eerste taktiek is om die spot te dryf met die manne, want hopelik sal dit hulle lus vir die werk baie gou smoor: “Wat probeer julle nou aanvang? Julle dink tog sekerlik nie dat julle hierdie reuse mure sal kan herbou nie? En boonop – weet die koning ooit van hierdie konkelwerk waarmee julle besig is? Dis mos opstand, is dit nie? As hy hiervan te hore kom, gaan hy julle vermorsel!”

Nehemia het hulle bloot geantwoord: “*Die God van die hemel, Hy sal ons sukses laat behaal. Ons, sy diensknegte, sal gereedmaak en herbou. Maar julle het geen deel aan, geen reg op, of geen nalatenskap in Jerusalem nie.*” (Neh. 2:20).

Die teenstand wat Nehemia ondervind, word telkens ingelui deur die woordjie

“hoor.” Dit begin in 2:10: “Toe Sanballat en Tobija dit hoor..... was dit vir hulle ‘n ramp.” “Maar toe Sanballat, Tobija en Gesem dit hoor..... het hulle gespot.” (2:19). “Toe Sanballat hoor..... was hy ontsteld” (4:1). “Toe Sanballat, Tobija, die Arabiere, Ammoniete en mense van Asdod hoor ..... dat dit vorder, het hulle baie kwaad geword.” (4:7). “Ons vyande het gehoor dat hulle plan aan ons bekend is.” (4:15).

Hulle strategie het ‘n patroon gevolg: Eers beskou hulle dit as ‘n ramp. Dan dryf hulle die spot. Later word hulle teenstand so erg dat die bouers onder gewapende begeleide moet werk (hoofstuk 4). Toe niks werk nie, probeer hulle om Nehemia permanent uit te skakel (hoofstuk 6).

Dis tóg interessant dat Nehemia hom nie op die koning se mandaat beroep nie, al was dit die koning wat hom amptelik gestuur het. Vir Nehemia was dit egter van kardinale belang dat almal sou weet dat hy hom slegs

op God beroep "o*mdat die goeie hand van my God oor my was!*"

Die vraag is: waar lê my krag as gelowige? By God alleen!

Gebed:

Here, ek wil U loof en prys omdat ek my altyd op U kan beroep. U is my Lig en my Krag!

# Inspring en Bou!

## Nehemia 3

VIDEO | OUDIO

Wanneer ons Nehemia lees, dan lees ons gewoonlik die eerste paar lyntjies van hoofstuk drie, en dan blaai ons sommer om na hoofstuk 4. Hoofstuk drie is net ‘n ellelange lys van name van mense wat help bou het aan die muur. Wat is nou interessant daaraan? Ek wil vanoggend ‘n bietjie gaan krap in daardie lysie, want sommer met die eerste oogopslag het ‘n paar baie interessante dinge my getref. Maar kom ons begin by die begin!

Nadat Nehemia die inwoners van Judea ingelig het oor hulle groot dilemma, was almal dadelik vuur en vlam om dadelik te begin met die bouwerk. Daar moes egter sékerlik ‘n klomp beplanningswerk gedoen word om die indeling te maak van wie waar

sou bou. Dit sou ‘n taak word wat gans te groot was vir slegs die inwoners van Jerusalem, dus word mense van regoor Judea opgeroep om te kom help. Dit word nie gemeld in die boek nie, maar ek kan my indink dat dit ‘n reuse logistieke operasie moes wees om vir almal huisvesting en kos te reël.

Boumateriaal moes voorsien word. Klippe vir die muur was die maklike deel want hulle kon die klippe van die afgebreekte muur hergebruik. Die poorte was egter ‘n ander saak, en daar moes hout gekry en verwerk word. So ook al die ysterwerk vir grendels, skarniere en dies meer.

Daar was waarskynlik ‘n beplanningsvergadering waar Nehemia die leiding geneem het. Nogtans was dit ‘n spontane besluit van die hele gemeenskap en almal het deelgeneem, priesters, vakmanne, amptenare, vooraanstaande burgers en doodgewone mense. Op die vergadering is daar waarskynlik bepaal wie

waar sou werk, op grond van hulle vermoëns.

Heel eerste op die lys van bouers was niemand anders nie as Eljasib, die hoëpriester en sy ampsgenote, die priesters. Hulle taak was om die Skaappoort te herbou. Nehemia wou hiermee moontlik ‘n voorbeeld stel vir almal. Hier was egter ‘n kinkel in die kabel, want later in die boek lees ons dat Eljasib se kleinseun met ‘n dogter van hulle groot vyand, Sanballat getroud was. Sanballat was waarskynlik op goeie voet met Eljasib. Nogtans laat Nehemia toe dat Eljasib ‘n leiersrol in die bouwerk inneem. Moontlik was dit ‘n baie slim taktvolle besluit van Nehemia!

Terloops, hierdie Skaappoort is die een waarvan ons lees in Johannes 5, waar die bad van Betesda was waar Jesus die siek man genees het.

Wanneer ons so deur die lys van name blaai, duik daar ‘n paar baie interessante

feite op. Die eerste een wat my aandag getrek het was Sallum, die seun van Halloges. Hy was ‘n gesiene man, bevelvoerder van die helfte van die Jerusalem-distrik. Hierdie man het ‘n span dogters gehad wat nie bang was vir harde werk nie, want sy dogters het saam met hom ‘n gedeelte van die muur herstel. Reuse klippe pak, is beslis nie ‘n werk vir sagte meisiehandjies nie!

Daar was mense wat bloot “herstelwerk” gedoen het, soos Gananja die salfmenger, Jedaja en Gattus. Dit was moeisame, vervelige werk wat sou behels dat reuse klippe in die muur gepak word. Beslis rugbreekwerk wat die velle van jou hande afgeskaaf het. Ander het weer baie gespesialiseerde werk gedoen, soos die seuns van Hassenaä wat die Vispoort herbou het. Hulle het balke gelê en die poortdeure, sokgrendels en sluitbalke ingesit. Ons moet natuurlik in ag neem dat

hulle nie die moderne gereedskap gehad het wat vandag sulke werk maklik maak nie!

Daar was ook mense van alle klasse van die samelewing, nogtans lyk dit of daar nie onderskeid getref word nie.  Refaja, die bevelvoerder van die ander helfte van die Jerusalem-distrik het skouer-aan-skouer gewerk met ‘n doodgewone Jedaja. Daar was Leviete, tempeldienaars, priesters, salfmengers, goudsmede en handelaars. Almal het saamgewerk om die mure en poorte te herstel.

Maar soos dit maar oral gaan, is daar ‘n klompie manne wat nie bereid was om te help nie. ‘n Groep bouers uit Tekoa het hulle by Nehemia se span aangesluit, maar die vooraanstaandes uit hulle gebied het besluit dat dit benede hulle waardigheid was om sulke soort harde arbeid te verrig!

Vandag het ons dikwels ‘n soortgelyke situasie in ons kerkgemeenskap. Die probleem is egter dat daar gewoonlik slegs ‘n klein gedeelte is wat bereid is om die

werk te doen. In ‘n gemeente is daar plek vir feitlik elke soort ambag. Nogtans moet jy dikwels sukkel om iemand te kry wat bereid is om ‘n sekere taak te verrig. In meeste gemeentes is daar gedurig ‘n tekort aan mense wat bereid is om as wyksleiers te werk, en wanneer daar byvoorbeeld iets soos ‘n manne byeenkoms gehou word, daag slegs ‘n klein handjievol op!

Maar daar is ook etlike gewilliges wat keer op keer maar net na vore tree en hard werk nét waar hulle ‘n behoefte sien, maak nie saak hoe nederig die taak is nie. Húlle is die muurbouers van Nehemia!

Gebed:

Dankie Here, vir elkeen wat bereid is om in U koninkryk te werk!

# Bedreiging uit Samaria

## Nehemia 4

VIDEO | OUDIO

Dikwels gebeur dit dat wanneer jy hart en siel ‘n taak verrig wat die Here jou gegee het, dan kom daar teenstand van die een of ander aard. Gewoonlik is dit in die vorm van spot, maar dit kan selfs erger raak! Die vraag is, hoe hanteer ‘n gelowige dit? Jou eerste linie van verdediging is gebedsvertroue. Maar hand-aan-hand met gebed, gaan ook ‘n daadwerklike teenaksie, sonder dat dit jou aandag aftrek van jou taak. Terselfdertyd spits jy jou nóg méér toe om jou taak na die beste van jou vermoë af te handel.

Die Judeërs het entoesiasties aan die werk gespring om die mure van Jerusalem te herbou, en sommer van dag een af het die werk fluks gevorder. Maar..... hulle goeie

vordering het die ore bereik van hulle teenstanders!

Sanballat het te hore gekom van die sukses wat Nehemia en sy span besig was om te bereik, en hy was hewig ontsteld. Sy eerste reaksie was om die spot te dryf met die manne en vroue van Juda wat so ywerig aan die werk was. “Wat is die miserabele Judeërs besig om te doen? .... Wil hulle sowaar die klippe uit die hope rommel weer gebruik terwyl dit verkool is?” Sy Ammonitiese bondgenoot Tobija was by toe hy hierdie snedige aanmerking maak voor ‘n uitgelese groep Samaritane en die weermag van Samaria. Sy reaksie was: “Wat hulle ook al herbou, as 'n jakkals daarteen opspring, maak hy 'n gat in hulle klipmuur.” Ek is séker daarvan dat die hele vergadering bulderend gelag het vir sy grappie! Maar dit was eintlik gladnie snaaks nie!

Nehemia se eerste reaksie, toe hy hoor hoe Sanballat met hulle die spot dryf, was om te

bid. Hy het besef dat hulle nie alleen van die Judeërs ‘n bespotting probeer maak nie, maar dat hulle eintlik besig was om God uit te tart! Dit het hom net aangespoor om nóg harder te werk, en die bouwerk het bo verwagting goed gevorder, soveel só dat hulle binne ‘n kort rukkie reeds tot die helfte van die muur se hoogte gevorder het. Hierdie klomp Judeërs was hart en siel in hulle taak om die stad weer tot sy volle glorie te bring!

Met groot kommer en woede moes Sanballat toekyk hoe die bouwerk vorder. Hy móés ‘n plan maak om sy winsgewende bedryf te beskerm! Toe kry hy vir Tobija, die Arabiere, Ammoniete en mense van Asdod bymekaar om die krisis te bespreek. Almal was woedend oor die toedrag van sake want dit het hulle almal geraak. Dit ontaard in ‘n sameswering om al die Judeërs se harde werk in Jerusalem tot niet te maak.

Natuurlik het Nehemia en die Judeërs te hore gekom van die sameswering, en

sielkundig het dit ‘n groot druk op hulle geplaas sodat die werk uiteindelik vir hulle te veel begin raak het. Die bedreiging van ‘n oormag van vyande van buite het hulle erg geknou en moedeloos gemaak. Weereens wend Nehemia hom tot God, en hy bid baie ernstig.

Uiteindelik was Nehemia genoodsaak om veiligheidsmaatreëls te tref, want Sanballat het ‘n groot bedreiging begin word. Hulle het selfs probeer om die Judeërs te infiltreer, en hulle plan was om mense dood te maak om hulle bouwerk te fnuik. Dus begin Nehemia om wagte uit te sit om die vyand te keer. Terselfdertyd het hy die Judeërs bemoedig dat die Here hulle sou beskerm: “Julle moenie bang wees vir hulle nie. Dink aan die groot en ontsagwekkende Heer!” Uiteindelik sou dit kos dat hulle moes bou met ‘n wapen in die een hand. Dis was sékerlik nie maklik nie!

Almal is aangesê om hulle ore oop te hou vir die geluid van ‘n ramshoring, want as

iemand in die moeilikheid was, moes almal gaan help. Maar dan voeg Nehemia baie gou by: “Ons God sal vir ons veg!” As hulle bereid sou wees om te gaan, sou die Here hulle die oorwinning gee. Dit was immers tot Sy eer!

Natuurlik het dit opoffering van almal gevra, want saans kon die manne nie meer huistoe gaan om te gaan slaap nie, dit sou kos dat ‘n ieder en ‘n elk dag en nag in Jerusalem sou moes bly om te keer dat die vyand hulle oorval. Bedags moes hulle wapen in die hand bou en snags moes hulle wagstaan.

Die Judeërs was op moedverloor se vlakte toe Sanballat begin met sy bedreiging. Hulle het hulleself gesien as ‘n handjievol bedreigde Judeërs wat gans te gering was vir hierdie oormag van buite. Hulle was beslis nie opgewasse teen hulle vyande nie. Nehemia het egter die situasie totaal omgekeer. Skielik het die Judeërs begin

besef dat hulle onder die beskerming van die Allerhoogste staan.

Romeine 8:31 stel dit so mooi: “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” en vers 37: “Maar in dit alles is ons selfs **meer as oorwinnaars** deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het.” In vers 38 sê Paulus dat absoluut niks ons sal kan skei van die liefde van God nie! Hierdie Judeërs het dit besef en vandag, wanneer ons moedeloos begin raak oor ons eie situasie moet ons dit óók besef! Ons moet weer ware vertroue in God kry en ophou om met slap hande ons probleme in die oë te staar. Die groot saak van God se Koninkryk moet weer die hoofdoel van ons geloofsgemeenskap word!

Gebed:

Here, help ons asseblief om ons oë weg te draai van ons probleme en U raak te sien sodat ons met volle vertroue U saak sal kan dien!

7

# Ekonomiese Krisis

## Nehemia 5:1-13

VIDEO | OUDIO

Terwyl Nehemia en die Judeërs fluks aan die bou was aan die mure van Jerusalem, het daar skielik ‘n bedreiging van ‘n totaal ander aard opgeduik. Nee, dit was nie Sanballat en sy gevolg nie, maar dit het gekom uit hulle eie geledere.

Judea het gebukgegaan onder ‘n ekonomiese krisis. Aan die een kant het die bouwerk aan die muur sy tol begin eis, want feitlik ál die mans was betrokke by die bouwerk en verdediging van die stad, gevolglik het hulle boerderye agteruitgegaan. Die noodsaaklike opbrengs om hulle gesinne aan die lewe te hou, was nie meer daar nie en mense het begin verarm. Verder het die spanning met hulle buurvolke hulle buitelandse handel baie

nadelig getref, en die inkomste was net eenvoudig nie meer daar nie!

Die gevolg van hierdie toestand was dat hulle kos moes aankoop omdat hulle nie self kon produseer nie. Maar daar was ook nie geld daarvoor nie, omdat hulle nie meer ‘n inkomste uit handel gehad het nie. Om die saak te vererger moes hulle steeds belasting betaal op hulle landerye en wingerde, al het dit niks geproduseer nie. Hulle was dus genoodsaak om geld te leen. Vir sulke lenings moes daar natuurlik sekuriteit verskaf word, dus moes hulle hulle grond verpand.

Die situasie het só handuit geruk dat sommige van hulle selfs hulle kinders as slawe moes gee aan die geldskieters. Ander het weer hulle eiendom verloor. Dit was ‘n hopelose situasie! Die hartseer van dit alles, was dat hierdie geldskieters hulle eie mense was! Dit was die welgestelde Judeërs wat kon bekostig om geld uit te leen aan hulle volksgenote, maar nou het

hulle munt geslaan uit die situasie. Hulle was egter heeltemal binne hulle reg volgens die voorskrifte van Moses. Die bepaling was dat as ‘n volksgenoot om die een of ander rede jou slaaf word, dan kon jy vir ses jaar lank sy/haar eienaar bly, waarna die persoon vrygestel moes word (Deut. 15:12-15).

Die omstandighede hier was egter dat hulle nie kon bekostig om só ‘n situasie te laat voortduur in hulle huidige omstandighede nie. Almal moes saamstaan ter wille van almal se voordeel. Om dus ‘n deel van hulle werkmag te laat gebuk gaan onder ‘n onbillike las van slawerny en skuld terwyl die ekonomie in ‘n haglike toestand was, sou net tot nadeel van die hele volk wees. Boonop kon dit die bouwerk knou en die noodsaaklike voedselproduksie groot skade berokken.

Nehemia was ontsteld toe hy besef wat aan die gang was, en hy het met die skuldiges gesels, maar dit het blykbaar nie die

gewenste reaksie gehad nie. Hy was dus genoodsaak om ‘n volksvergadering byeen te roep waar hy hard met die rykes gepraat het. Wat hulle besig was om te doen, was ongehoord! Dit was beslis nie tot eer van God nie, en dit sou beteken dat hulle vyande die vinger kon wys na die volk!

Toe pleit Nehemia by hulle. Hy sluit homself nie uit nie en hy bieg dat hy en sy medewerkers sélf ook aan mense geld en koring geleen het. Hy was bereid om ‘n voorbeeld te stel en al die skuld af te skryf. Dan doen hy ‘n beroep op die ander geldskieters om sy voorbeeld te volg en hulle skuldenaars se eiendomme aan hulle terug te gee. Boonop vra hy dat hulle ook die rente op hulle skuld moes afskryf.

Hierdie was beslis nie ‘n geringe saak wat Nehemia van die rykes gevra het nie, nogtans het elkeen van hulle ingestem. Daarna ontbied Nehemia die priesters om hulle onderneming met ‘n eed te bevestig. Dit sou dus nie slegs ‘n vriendelike belofte

bly nie, maar ‘n ernstige saak voor God word! Nehemia sluit hierdie perikoop af met die woorde: “Die hele byeenkoms het gesê “Amen!” en hulle het die Here geloof. Die volk het woord gehou.”

Wat ‘n wonderlike, asemrowende oomblik in die geskiedenis van ‘n volk!

Die verskil tussen ryk en arm het deur die eeue baie spanning veroorsaak en ‘n al hoe groter wordende kloof tussen mense veroorsaak. Die rykes word ryker en die armes word armer. Boonop gebruik rykes die regstelsel om hulle rykdom te vermeerder terwyl die armes hulle regte al hoe meer kwytraak. Dis ‘n reuse sneeubaleffek wat ‘n gemeenskap verskeur!

Die geloofsgemeenskap word opgeroep om die voorbeeld te stel en iets te doen aan die toenemende armoede. Vir ‘n begin is dit ons plig om ons medegelowiges se nood te verlig. Maar dit moet ook baie wyer uitkring as slegs ons “binnekring”, want daar buite is derduisende wat in groot nood verkeer!

Nie alleen is dit die “regte ding om te doen” nie, maar dit is ook deel van ons getuienis om die Naam van die Here groot te maak. Dit is ‘n manier om die liefde van die Here aan die wêreld daar buite bekend te stel!

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n oop hart en hand teenoor mense in nood sodat ek U wonderbare liefde so kan versprei!

# 8

# Voorbeeld

## Nehemia 5:14-19

VIDEO | OUDIO

Ons moet onthou dat die koning, Artasasta van Persië vir Nehemia gestuur het na Juda, en dat hy een van die koning se hooggeplaaste amptenare was. Nehemia was dus daar in die hoedanigheid as streeksgoewerneur vir 'n volle twaalf jaar. Hy het die volle reg gehad om belastings van die volk te hef om te betaal vir sy onderhoud. Sy voorgangers het dit immers gedoen, en boonop het hulle behalwe die harde kontant ook nog wyn en ander produkte van die Judeërs geëis!

Nehemia besluit egter om niks van die Judeërs te vra nie en sy reg tot belasting op te sê. Boonop het hy selfs besoekende amptenare van die Persiese koning en ander Judese hooggeplaastes uit sy eie sak

onthaal met kos sonder om dit van die plaaslike mense te eis, al was dit heeltemal binne sy reg. Trouens, hy het homself toegewy aan die bouwerk. Hy het wel deeglik besef hoeveel materiële offers dit van die landsburgers gevra het, en hy kon nie nog meer laste op hulle skouers lê nie.

Eintlik het dit Nehemia persoonik baie gekos om alles aan die gang te hou. Hy het daagliks nie minder nie as 150 mense aan sy tafel gehad en vir hulle kos gegee. Dit alleen moes 'n reuse projek gewees het, want elke dag was daar "een bees, ses stuks uitgesoekte kleinvee en voëls, voorberei op my koste" (v. 18). En elke tiende dag het hy hulle onthaal met 'n oorvloed wyn van verskillende variëteite.

Nehemia lewer bewys daarvan dat hy daar was vir slegs een doel. Dit was beslis nie om die koning te beïndruk of in sy guns te kom nie. Nog minder was dit om in die goeie boekies van sekere plaaslike inwoners te probeer kom, of om homself te

verryk. Hy het immers alles uit sy eie sak betaal! Sy enigste motivering was om God te dien!

‘n Leier in ‘n geloofsgemeenskap se karakter moet te alle tye onkreukbaar wees! ‘n Leier durf nie van ander verwag om te doen wat hy nie sélf bereid is om te doen nie. Hy moet die voorbeeld stel vir almal om te kan navolg.

Ek was jare gelede op ‘n weermag kamp naby Potchefstroom, toe daar dié nag ‘n verskriklike storm losgebars het. Die sluise van die hemel was oop en die strome water het gedreig om ons tente te verspoel. Terwyl die storm op sy felste was, hoor ek die bekende stem van die kamp bevelvoerder: “Manne is julle veilig?” Hy was besig om in die gietende reën van tent na tent te loop om ons almal te bemoedig. Hy het nie sy eie gemak in ag geneem nie en gedoen wat niemand anders bereid was om te doen nie, terwyl hy ten volle geregtig

was om in die gemak van sy eie tent te kon sit!

Daardie man se opoffering het my baie diep getref, en elke troepie in die kamp het net die grootste respek en waardering vir hom gehad! Dít wat jy verkondig en wat jy van ander verwag, moet in jou eie lewe sigbaar funksioneer.

Jesus het natuurlik die grootste voorbeeld gestel van hoe ‘n leier moet optree. Ons sien dit absoluut in alles wat Hy gedoen het tydens die drie jaar van Sy openbare optrede. Nie in die wonderwerke wat Hy gedoen het of al die mooi dinge wat Hy gesê het nie, maar in Sy algemene optrede.

● Hy het met die Samaritaanse vrou gesels terwyl almal haar vermy het, nie alleen omdat sy ‘n Samaritaan was nie, maar ook oor haar laakbare verlede.

● Hy het saam met Matteus die tollenaar en sy gure sondaarvriende gaan eet ten spyte van al die kritiek en beskuldigings.

● Hy het aan ‘n melaatse geraak ten spyte daarvan dat dit Hom in groot moeilikheid kon bring.

● Hy het nie alleen liefde verkondig nie, maar Hy het dit prakties elke dag uitgeleef.

● Hy het na Jerusalem gegaan, wetende dat dit Sy kruisiging en dood sou veroorsaak.

● Hy het die kruisdood tegemoet gegaan om te betaal vir die wêreld se sondes, wetende dat die meeste mense vir wie Hy betaal het Hom en Sy geskenk van die lewe sou verwerp en Hom selfs daarvoor minag!

Om Jesus se voorbeeld perfek na te volg, is totaal onmoontlik! Maar ons kan ten minste probeer! Deur liefde uit te leef na die beste van my vermoë, weerkaats ek die wonderlike lig van Jesus!

Gebed:

Here, ek moet bely dat ek nie altyd ‘n goeie voorbeeld stel as leier nie. Help my

asseblief om U liefde elke dag prakties uit te leef op alle vlakke van die samelewing!

# 9

# Nehemia se Lewe Bedreig

## Nehemia 6:1-19

VIDEO | OUDIO

Die bouwerk het einde se kant toe begin staan. Nehemia kon met tevredenheid toekyk dat ál die mure herstel was na hulle ou glorie. Al wat nou nog moes klaar kom, was die deure wat in die poorte moes kom, dan was alles afgehandel.

‘n Ent noord van Jerusalem was daar egter ‘n man wat gladnie gelukkig was oor die situasie nie – Sanballat. Om die waarheid te sê, was Sanballat en sy vriende, Tobija, Gesem die Arabier en al die ander vyande van Juda briesend van woede! Hulle het saamgesweer om vir goed van Nehemia ontslae te raak!

Dis tóé dat ‘n boodskapper een dag by Nehemia aankom met ‘n nota: “Kom, laat ons byeenkom by Kefirim in die Onovallei.”

Nehemia het sommer dadelik lont geruik! Hy skryf toe sélf ‘n nota en stuur dit aan Sanballat en sy trawante: “Dit is 'n groot werk waarmee ek besig is; ek kan nie na julle afkom nie. Waarom moet die werk stilstaan omdat ek dit moet los en na julle afkom?” (6:4) Vier keer stuur Sanballat dieselfde boodskap, en elke keer wys Nehemia dit baie diplomaties van die hand “omdat sy verpligtinge dit nie toelaat nie.”

Toe Sanballat sien dat mooi praatjies nie werk om Nehemia in ‘n lokval te lei nie, verander hy sy taktiek. Weereens stuur hy ‘n brief aan Nehemia, maar hierdie slag maak hy bewerings van ‘n gerug wat die rondte doen dat Nehemia van plan was om homself koning te maak van Judea, en dat hy en sy Judeërs dan in opstand sou kom teen die koning van Persië! Dít was die éíntlike rede waarom hulle die mure van Jerusalem herbou het! Volgens die gerugte sou Nehemia selfs sover gegaan het om profete aan te stel wat sou verkondig dat hy

alreeds koning was! Sanballat skryf dat hierdie gerugte al op pad was na die Persiese koning, en dat gróót moeilikheid op pad was! “Kom dan nou, laat ons bymekaarkom!” sluit hy sy pleidooi af.

Nehemia het hom bloot geantwoord dat Sanballat besig was om hierdie beweringe uit sy duim te suig! Hierdie was duidelik sielkundige oorlogvoering om Nehemia te probeer dwing om die werk te staak. Hy swig egter nie hiervoor nie, en hy wend hom tot God om sy hande sterk te maak.

Toe niks werk nie, huur Sanballat en Tobija ‘n vals profeet met die naam Semaja om ‘n “profesie” te maak dat Nehemia na die tempel moes vlug want iemand was besig om te beplan om hom dood te maak! Omdat Nehemia nie ‘n priester was nie, sou dit ‘n godsdienstige oortreding wees as hy dit sou doen, en hy sou hom die gramskap van die geestelikes op die hals gehaal het. Boonop sou dit ‘n vernedering wees as hy, die goewerneur sou vlug! Watter soort

voorbeeld sou dit vir die volk wees? Dit was baie duidelik dat hierdie profeet omgekoop was om hom bang te maak met ‘n valse profesie om sodoende sy kredietwaardigheid by die mense te probeer vernietig!

Uit vers 14 kom ons agter dat hierdie nie ‘n geïsoleerde geval was nie, maar dat daar van verskeie kante af gepoog was om van Nehemia ontslae te probeer raak. So was daar byvoorbeeld ‘n profetes by name Noadja asook ‘n paar ander profete wat Nehemia probeer bangpraat het en sy werk in die wiele probeer ry het.

Nehemia het dwarsdeur al hulle plannetjies gesien en hom nie daaraan gesteur nie. “Wie sal, in my situasie, die tempel binnegaan sodat hy kan lewe? Ek sal nie gaan nie!” (v. 11) Hy het vasgebyt en bloot voortgegaan met sy taak!

In minder as twee maande, ‘n skamele 52 dae word hierdie reuse, byna-onmoontlike taak afgehandel om die vervalle mure van

Jerusalem totaal te herstel. Almal wat daaraan gewerk het was gemotiveerd. Boonop was hulle nood baie groot, en hoe gouer dit afgehandel kon word, hoe gouer kon alles weer na normaal terugkeer en kon hulle ekonomie herstel. Dit het skoon die wind uit hulle vyande se seile gehaal! Baie van die volk se vyande het begin besef dat Nehemia en sy span onder die vaandel van God en met Sy hulp die werk afgehandel het!

Tóg was dit het einde niet! Die Samaritaanse vyandige optrede het steeds bly voortduur. Daar was byvoorbeeld noue bande tussen sekere Samaritane en Judeërs. Dit was nie alleen handelsbetrekkinge nie, maar ook ondertrouery, en dit het spanning veroorsaak. So was die hoëpriester, Seganja Tobija se skoonseun. Daar was egter géén sprake van enige versoening nie, en Tobija het aangehou om Nehemia te probeer bangmaak!

Ons moet maar ál te deeglik besef, dat as jy voluit die werk van die Here doen, dan sal die teenstand al hoe feller raak! Daar is egter slegs één raat daarvoor: om nóg nader aan die Here te leef en jou te verdiep in Sy werk! Moenie jou steur aan die bogpraatjies van kwaadstokers nie, maar verlustig jou in die Here!

Gebed:

Here, ek dank U dat daar soms teenstand is met die werk wat ek vir U doen, want dit herinner my daaraan dat ek op die regte spoor is. Versterk my Here, sodat ek U werk met onderskeid sal kan doen!

# 10

# Inwoners word Hervestig

## Nehemia 7

VIDEO | OUDIO

Dit was ‘n blye dag toe Jerusalem se mure voltooi was.  Alles was kant en klaar - die mure was weer so goed soos nuut en die poorte herbou met hulle deure in plek. Die volgende stap was nou om mense aan te stel wat verantwoordelik sou wees om die poorte te bewaak, die sogenaamde Poortwagte. Dit was broodnodig dat hier baie verantwoordelike manne sou diens doen, want die vyande van die volk was slinks! Nehemia het die Samaritane nog glad nie vertrou nie en hy wou nie met hulle ‘n kans waag nie. Hulle het daarom die duidelike opdrag gekry dat Jerusalem se poort nie oopgemaak moes word voordat “die son warm is nie” (v. 3). Dit moes voor sononder weer gesluit en gegrendel word

vir die nag sodat niemand verby die wagte kon insluip nie!

Terselfdertyd word daar egter ook na die geestelike omgesien, en daar word sangers en Leviete aangestel.

Dit was egter van uiterste belang dat daar verantwoordelike persone aangestel moes word om die stad se bestuur te behartig. Gananie, waarskynlik die persoon wat hom destyds vertel het van die haglike toestand van die stadsmure, kry hierdie taak. Saam met hom word Gananja aangestel. Hy word beskryf as ‘n baie betroubare man en dat hy groot eerbied vir God gehad het. Dis belangrik dat persone in sulke verantwoordelike posisies nie alleen sterk leierseienskappe moet hê nie, maar ook in ‘n noue verhouding met God moet staan!

Toe die onluste ons in KwaZulu-Natal getref het in Julie 2021, was ek en my bure genoodsaak om snags wag te staan om te verseker dat ons huise veilig sou wees. Die toestand was baie onstabiel! In Jerusalem

was toestande óók baie onseker, dus was dit nie slegs die poortwagte wat snags op diens was nie, maar die ander inwoners van Jerusalem moes óók wagstaan, meeste sommer voor hulle eie huise. Dit was beslis nie maklike tye nie!

Hiermee was Nehemia se primêre taak afgehandel. Nogtans kon hy nie nou agteroorsit en ontspan nie, want daar was nog baie werk om te doen. Die mure was wel gebou, maar binne die stad was dit maar saai! Baie van die huise was in ‘n haglike toestand en die stad was grootliks ontvolk omdat baie van die ou inwoners na kleiner dorpies rondom Jerusalem getrek het as gevolg van die haglike toestande. Jerusalem moes weer ontwikkel word tot ‘n volwaardige stad. Nehemia sou ‘n behoorlike opname moes maak van die families om mense te hervestig.

Intussen het Nehemia ‘n lys ontdek van al die mense wat destyds na die ballingskap teruggekeer het. Dit was al meer as 100

jaar tevore gewees wat die terugtog plaasgevind het onder leiding van Serubbabel. Hierdie lys moes as hulpmiddel dien vir Nehemia om te bepaal watter families in Jerusalem hervestig moes word. Ons lees ook in Esra 2 van hierdie selfde lys. Vir latere lesers van die boeke Kronieke, Esra en Nehemia het hierdie lys die belangrike leierskap van hierdie drie persone, Serubbabel, Esra en Nehemia beklemtoon. Esra was natuurlik verantwoordelik vir die herstel van die tempeldiens, terwyl Nehemia weer gefokus het om die geloofsgemeenskap en die stad te herstel. Hier sien ons dus die verband tussen die werk van die drie leiers in perspektief.

Hierdie is ‘n ellelange lys van name van mense wat vir ons totaal onbekend is. Dit is maar een van etlike soortgelyke lyste wat in die Bybel voorkom, nie alleen in die Ou Testament nie maar ook in die Nuwe Testament. Vir ‘n buitestaander is dit maar

net nóg ‘n vervelige lys, maar vir iemand wat hierby betrokke is, is dit ‘n vertroosting en bemoediging. Ek was ‘n tydjie gelede by Dingaanstat, waar daar so ‘n lang lys name op ‘n monument is van almal wat gesterf het toe Dingaan die Voortrekkers uitgemoor het. Vir ‘n buitestaander is dit net ‘n lys name, maar vir my was dit hartroerend, want ek het daar name gesien van my eie familie, selfs my eie Groot-oupa! Dit was veral vertroostend toe die ou Zoeloe predikant se woorde daardie middag was, dat dit ons moes aanspoor tot versoening!

Watter soort vertroosting kan ons vandag hieruit put? Vir ‘n begin gee dit vir ons vandag die versekering dat God nie ‘n enkele een van Sy kinders vergeet nie! Die naam van elkeen wat aan die Here behoort, word geskryf – nie in ‘n lys soos hierdie nie, maar in die groot Boek van die Lewe. Alreeds van die tyd van die skepping af, word name in hierdie boek geskryf, so lees ons in Openbaring 13:8. Ons moet dit baie

deeglik besef dat God, wat deur al die eeue oor die wêreld regeer, getrou is tot in die kleinste besonderhede oor ál die name van Sy kinders! En dit sluit my ook in, en óók jou!

Gebed:

Here, wanneer ek hierdie lys name lees, wil dit my moedeloos maak, totdat ek begin besef dat U wonderlike genade daarin uitgebeeld word!

# Voorlees van die Wet

## Nehemia 8:1-13

VIDEO | OUDIO

Die stad was herbou en die inwoners van Judea hervestig. Nou was dit tyd om ernstig aandag te gee aan die geestelike welstand van die volk. Hierdie was die taak van Esra, nóg ‘n reuse leier in Nehemia se tyd. Esra was reeds verantwoordelik vir die herstel van die tempeldiens, en die tyd het aangebreek om die volk weer te begin leer van God en wat Hy van hulle verwag.

Met groot opgewondenheid het die hele volk opgetrek na Jerusalem. Dit was die sewende maand – iewers tussen September of Oktober, en die vreugdevure het hóóg gebrand! Esra het besluit om die mense op die plein voor die Waterpoort bymekaar te laat kom. Die byeenkoms kon nie by die tempel gehou word nie want

slegs die mans was daar toegelaat, en hy wou hê dat elkeen wat kon verstaan, mans, vrouens én kinders moes hoor van die Here!

Daar was spesiaal ‘n verhoog van hout gebou vir die geleentheid. Met groot afwagting en opgewondenheid het die hele volk baie vroeg die oggend van die eerste dag saamgedrom voor die verhoog. Oplaas het Esra die verhoog betree en saam met hom dertien manne. In sy hande het hy ‘n reuse boekrol vasgehou. Al die aandag was op Esra gevestig. Hy was nie alleen ‘n priester nie, maar ook ‘n Skrifgeleerde, iemand met ‘n grondige kennis van die Bybel van daardie tyd.

Met groot waardigheid het hy die boekrol met die wetboek van Moses voor hom oopgerol terwyl die mense gesnak het na hulle asems. Soos een man het die hele volk opgestaan uit eerbied vir die Woord van God. Toe begin Esra met ‘n lofgebed om die Here te loof en prys terwyl die hele

gemeente op tipiese wyse van destyds hulle hande omhoog hou en sy lofprysing met “Amen, amen” beaam. Daarna het almal in aanbidding voor die Here neergekniel met hulle gesigte na die grond toe!

Ek dink die volk was só aangegryp deur dít wat Nehemia en Esra die afgelope tyd deur God vermag het deur ‘n gebroke volk weer op te hef, dat daar ‘n nuwe eerbied en ontsag vir God in hierdie gemeente begin vorm het. Dit sien ons in die manier wat hulle optree.

Na hierdie aangrypende opening het Esra uit die Wetboek van Moses begin voorlees. Die Wetboek is natuurlik die Pentateug oftewel die eerste vyf boeke van die Ou Testament. Dit sou onmoontlik wees vir Nehemia om al vyf boeke deur te lees in só ‘n kort tydsbestek van slegs ‘n halwe dag, dus kan ons aanneem dat hy slegs uit ‘n klein gedeelte daarvan gelees het. Toe hy begin lees, het daar ‘n doodse stilte oor die

gemeente toegesak en hulle het aandagtig met gespitste ore na hom geluister.

Intussen het dertien Leviete tussen die mense versprei. Elkeen het waarskynlik ‘n groepie mense om hom bymekaargemaak en terwyl Esra gelees het, het hulle vir die mense verduidelik wat dit alles beteken. Op hierdie manier was die wet nie maar slegs ‘n klomp voorskrifte nie, maar hulle kon leer wat die ware betekenis daarvan was en hoe dit prakties uitgeleef moes word. En dit is natuurlik presies wat Jesus die mense later geleer het!

Ons kan dit moontlik verduidelik met die gebod dat jy nie mag doodslaan nie. Hierdie is slegs ‘n riglyn en dit het ‘n baie wyer betekenis as dat jy nie fisies iemand mag “doodslaan” nie. Dit beteken ook dat jy niemand skade moet aandoen nie, hetsy liggaamlik of geestelik. Skinder is óók ‘n manier van “doodslaan!” Die gebod moet egter positief uitgeleef word deur liefde aan mense te betoon.

Die voorlees van die wetboek het ‘n ieder en elk baie diep getref, sodat almal verslae gestaan het in diepe besef van hoe ver hulle van God se voorskrifte afgedwaal het. Die emosies het hóóg geloop en hulle het in diepe rou gehuil oor hulle sonde. Esra het dit egter vir die gemeente op die hart gedruk, dat dit inderdaad ‘n heilige dag was vir God maar dat dit beslis nie ‘n dag was om te huil nie, maar eerder ‘n dag van groot vreugde vir almal! Nou was die tyd om fees te vier! Hulle moes teruggaan na hulle blyplekke toe en lekkernye uitdeel aan hulle gesinne. Maar hulle moes dit nie vir hulleself hou nie, hulle moes ook deel met ander mense wat nie iets gehad het om mee fees te vier nie.

In ons gemeente het ons die gewoonte om na elke Nagmaalsgeleentheid ‘n “broodbreek ete” te hou, waar elkeen ‘n broodjie en smeergoed bring, en dan deel ons met mekaar. En die wat niks gebring het nie, word uitgenooi om heerlik saam

met die ander te eet. Keer op keer is hierdie ‘n gróót fees, en almal staan vir wie weet hoe lank en gesels, en niemand wil huistoe gaan nie, want dis só lekker om só saam te kan kuier!

Die wet van God is nie iets om oor te treur nie. Ja, inderdaad gee dit jou ‘n besef van jou tekortkominge. Maar éintlik is dit vir jou ‘n bron van ware vreugde. Jesus het immers vir ál ons sondes betaal en ons is vrygespreek! Dit is genoeg om enige gelowige in borrelende vreugde te laat uitbreek!

Gebed:

Here, ek wil borrelend uitbars in ‘n vreugdevolle lied: “Dit borrel in my, want ek is so bly: Jesus het my lief!” Ek besef vanoggend hoe groot my skuld is, maar dat U alles reeds afgeskryf het. Dankie Here!

## 12

# Gróót fees!

## Nehemia 8:14-19

VIDEO | OUDIO

Ek hoop hierdie afgelope Paasfees was vir jou ook so ‘n asemrowende gebeurtenis as wat dit vir my was! Ons het verlede week elke aand ‘n “adoramus diens” gehad. Dit was aanbiddingsgeleenthede waar die gemeente kon stil word voor die Here met die oog op die naderende Paasfees. Die kerkgebou se ligte was alles af, buiten vir drie verligte kruise voor in die kerk. Verder was daar slegs ‘n aantal kerse. ‘n Gewyde stilte is deurgaans gehandhaaf. Die diens het bestaan uit voorlesings uit verskeie Skrifgedeeltes en die voordra van ‘n paar treffende gedigte van bekende digters. Die sang was gewyd en amper gedemp. Dit alles het ‘n wonderlike atmosfeer van gewydheid geskep, wat Goeie Vrydag en

Paassondag twee groot hoogtepunte in my lewe kon maak!

Nadat die Wet aan die volk voorgelees was, het die leiers van die volk met die priesters en Leviete bymekaargekom om te gesels oor wat hulle gehoor en beleef het. Natuurlik was Esra ook daar, en hy het hulle gesprekke gelei. Toe maak hulle ‘n interessante ontdekking, dat daar ‘n spesifieke fees was waarvan almal vergeet het, een wat Moses nog ingestel het tydens hulle omswerwinge in die woestyn. Op die sewende maand moes almal vir hulle hutte bou van boomtakke en vir sewe dae lank daarin bly! Dit moes hulle herinner aan die tyd toe hulle in die woestyn moes oorleef ná hulle uittog uit Egipte.

Dit was nou juis die sewende maand, en dit was ‘n gulde geleentheid om weer hierdie fees in te stel. Maar omdat niemand meer geweet het van hierdie fees nie, moes almal regdeur die land baie vinnig daarvan vertel word. Daar was natuurlik nie moderne

kommunikasiemiddels soos TV, radio of selfone nie, dus moes boodskappers regdeur die land die nuus gaan vertel. Elke persoon in Judea móés weet hiervan, en almal moes duidelike instruksies gegee word oor wat hulle te doen gestaan het. Hulle moes na die berge gaan en takke gaan haal om hulle hutte te bou. Dit kon olyfbome, wilde olywe, mirtebome, dadelpalms of enige welig-groeiende plante wees. Die doel was om iets te bou wat beskerming kon bied teen die elemente.

Dit sou nie juis saakmaak waar hulle hierdie hutte bou nie. In ‘n digbeboude stad soos Jerusalem, kon hulle dit sommer op hulle huise se platdakke bou. Hierdie hutte moes hulle herinner aan God se beskerming en bewaring tydens hulle woestyntog. Maar dit moes hulle verder ook hoop gee vir die toekoms omdat hulle op God kon vertrou om hulle verder nog steeds so te beskerm en bewaar!

Met groot ywer het die hele volk die berge ingevaar om takke te soek, en toe begin die bouwerk. Daar het ‘n feestelike atmosfeer geheers, en baie gou was elke gaatjie in Jerusalem gevul met groen hutte. Die voorhof van die tempel was van hoek tot kant bebou en al die stadspleine, veral dié by die Waterpoort en die Efraimspoort was oortrek van hutte en nogmaals hutte! Daar was jolig feesgevier en die vreugdevure het hóóg gebrand. Ek kan my die prentjie voorstel van hoe daar sekerlik vrolik gesing en gedans was, en hoe die vrolike gelag saans rondom die kampvuurtjies opgeklink het.

Dit was egter nie alles net pret en plesier nie, Esra het elke dag vir almal voorgelees uit die boekrol van die Wet van God. Dit was immers waaroor dit alles gegaan het! Dit was oor die wonderlike God wat hulle gered en bewaar het en hulle weer teruggebring het na hulle geboorteland. Verder moes dit vir hulle op ‘n baie

besonderse manier aan God verbind het, deur die agste dag van die fees as ‘n gewyde rusdag deur te bring.

Nehemia vertel dat daar sedert Josua se tyd toe hy die volk die beloofde land ingelei het, nog nooit weer só ‘n groot huttefees gevier was nie!

Dit laat my só terugdink aan die tyd toe ek ‘n jong seuntjie was. Ons het elke jaar op Waterval Boven die Geloftefees gevier. Dit was nét so ‘n jolige fees wat elke keer ‘n volle week aangehou het. Daar was kampvure en Boeresport en volkspele. Dit was ‘n gróót makietie wat een en elk met gróót entoesiasme en vrolikheid aangepak het. Maar dan, wanneer 16 Desember aangebreek het, het alles skielik verander in ‘n stil, stemmige, gewyde atmosfeer. Die hele omgewing se mense was bymekaar op die feesterrein in die veld skuins oorkant ons skool. Die feessaal was gepak van hoek tot kant om Geloftedag te gedenk, díé

dag toe God ons op wonderbaarlike wyse gered en bewaar het!

Eintlik moet elke dag vandag vir ons ‘n “huttefees-dag” wees. Die uitbundige blydskap oor ons verlossing uit die slawerny van sonde moet uit ons harte borrel, en dit moet op ons lippe wees en straal uit ons gesigte. Terselfdertyd moet daar by ons ‘n gewyde erns wees om die wil van God te doen. Eintlik is dit gladnie so moeilik om hierdie twee gedagtes te kombineer nie, want hulle loop hand-aan-hand met mekaar!

Gebed:

Here, my hart loop vandag oor van vreugde omdat U my U kind gemaak het en dat ek nou ál die voorregte kan beleef van ware kind-wees! Dankie dat U my in U hand van bewaring hou. Help my om my vreugde ook te kan deel met elkeen wat my pad kruis!

# 13

# Verootmoediging

## Nehemia 9:1-37

VIDEO | OUDIO

Die ou omie – ek kan (gelukkig) nie meer onthou wie hy was nie – het vererg gekyk hoe ons kinders skerts en vrolik lag en grappies maak. Sy frustrasievlakke oor ons uitbundigheid het al hoër gestyg, totdat hy uitgebars het: “Toe, staak nou daai lawwigheid! Van lekker lag kom lekker huil!” Ons was skoon afgesit, en druipstert het ons weggesluip om ‘n ander plek te soek waar ons in vrede kon vrolik wees!

Die ouer garde sal seker nog die nagmaalsgeleenthede van weleer onthou. In my jongdae het dit darem al ‘n bietjie afgekoel van die weeklange nagmaal uit Oupa se tyd. Dit was darem “net” ‘n naweek. Alles het Vrydagaand begin by die “voorbereidingsdiens”, ‘n stroewe

geleentheid waar daar baie ernstig gesels was, veral met die jong manne op ons spoorwegdorpie. Hulle was maar ‘n stoute klomp en die dominee het hulle hard oor die vingers getik! Saterdagaand was dit nóg ‘n “donker” verootmoedigingsdiens. Sondagoggend was dit Nagmaal en Sondagaand het “nabetragting” gevolg, wat dikwels maar nét so ‘n droewige affêre was!

Maar dis eintlik die Nagmaal wat my die diepste getref het. Daardie jare het die dominee en die kerkraad swart pakke klere gedra, meeste manelpakke. Dominee het ook ‘n pikswart toga gedra met swart tosseltjies. Snaaks dat hulle klere vir my ékstra swart gelyk het op die Nagmaalsondag as die kerkraad presies om negeuur die konsistoriedeure weerskante van die hoë kansel oopstoot en gewyd-stadig die kerk instap. Dominee het ekstra lank staan en bid by die onderste trappie van die kansel. Daar het ‘n ongemaklike stilte in die kerk gehang, en as

iemand gekug het, het almal versteurd omgekyk na die skuldige!

Die preek was dan gewoonlik een van daardie swael en vuur preke wat jou verskriklik skuldig laat voel het, en die hele diens was een groot pyniging. Wanneer die nagmaal uiteindelik bedien word, was dit ‘n lang, uitgerekte affêre, waar party mense eers lánk gebid het voordat hulle die beker na die volgende persoon aangee. En ons kinders? Ons was totaal uitgesluit. Ons moes maar net daar sit en kyk wat die grootmense doen! Nagmaal was ‘n marteling!

Die Versoendag was in Nehemia se tyd só ‘n somber dag waar almal rouklere aangetrek het, gemaak van growwe bokhaar. As teken van verootmoediging het hulle grond op hulle koppe gestrooi, en hulle het gevas en belydenis gedoen van hulle sowel as hulle voorouers se sondes.

Dit is vreemd dat hierdie dag plaasgevind het ná die vrolikheid van die huttefees.

Later was dit egter wel vóór die huttefees gehou, wat meer sin gemaak het.

Weereens het die geleentheid gepaard gegaan met Leviete wat uit die Wet van God vir die mense voorgelees het. Die mense het hulle voor God verootmoedig en voor die Here gebuig om só belydenis van hulle sonde te doen.

Daarna het sewe Leviete die verhoog betree en ‘n lang, aangrypende lied gesing. Dit het begin as ‘n loflied aan God oor al die wonderlike dinge wat Hy deur die jare vir die volk gedoen het. Dit gaan oor in ‘n lied van boetedoening om vergifnis te vra vir die manier waarop hulle van God weggedwaal het.

Wat wil hierdie gebeurtenis vir die latere lesers van die boek, en óók vir ons vandag sê?

Dit beklemtoon die noodsaaklikheid dat ‘n gelowige jou lewe aan die eise van God moet meet! Toe jy die dag Jesus se

verlossing ervaar het, beteken dit nie dat jy nou wetteloos kan lewe nie – jou sondes is mos nou vergewe en jy kan maak soos jy wil!? Nee! Dit beteken dat jy júís nou gaan probeer om so ver moontlik volgens God se wil te leef. Daarom is dit nodig dat ons van tyd tot tyd introspeksie sal gaan doen om te sien of ons steeds op koers is.

Sonde is beslis nie 'n geringe saak nie! Dis só gewigtig dat dit dikwels die geskiedenis bepaal! Tóg maak baie gelowiges dikwels sonde af as 'n nietigheidjie. Hierdie gedeelte uit Nehemia se boek moet elke gelowige aanspoor om onsself te sien in die lig van God se Woord sodat ons kan wegkom van die liederlike wurggreep van sogenaamde "goedkoop genade" en voluit kan leef as vrygemaakte burgers van die Koninkryk van God!

Ek het begin met die nagmaal van weleer, en ek sal graag wil afsluit met die nagmaal van vandag. Ek dank die Here dat die nagmaal 'n totale handomkeer beleef het

sedert my kinderjare. Vandag het dit steeds ‘n element van verootmoediging in, want sékerlik moet ek weet dat God se genade beslis nie goedkoop genade is nie. Hy het dúúr betaal vir my verlossing, en daarom móét ek ook my kant bring. En so dikwels skiet ek ver tekort. Maar dan is die nagmaal ‘n fees vol vreugde om weereens God se groot liefde, genade en opoffering te kan ervaar! En boonop is álmal ingesluit, selfs die kinders!

Gebed:

Here, ek staan skuldig voor U, want ek slaag dikwels nie daarin om te leef soos U van my verwag nie. Dankie vir die verlossing wat U so duur vir my gekoop het! Ek wil so graag leef volgens U wil en tot U eer!

# Die Onderneming

## Nehemia 9:38-10:39

VIDEO | OUDIO

Na die groot boetedoening besluit Nehemia saam met die leiers van die volk dat, op grond van wat so pas hier gebeur het, dit die regte ding sou wees as hierdie volk ‘n skriftelike onderneming, of dalk eerder ‘n bindende ooreenkoms onderteken waarin hulle hulle trou aan God belowe.

Dit laat ons nogal dink aan die gelofte wat die groepie Voortrekkers gedoen het op 16 Desember 1838. Baie mense bevraagteken vandag daardie gelofte. Kan dit ooit vandag steeds bindend op ons wees?

Selfs nóg nader aan ons elkeen se lewens: ek en my bruid staan voor die kansel en belowe ewige trou aan mekaar. Ons belowe plegtig dat ons mekaar sal liefhê deur ál die

hindernisse van die lewe – totdat die dood ons skei! Dis ‘n bindende ooreenkoms!

Die ooreenkoms wat die volk nou met God sluit, word wél ‘n verbond genoem, maar dit is natuurlik gladnie dieselfde as die verbond wat God met Abraham sluit nie. God se verbond is eensydig: Hy sal vir Abraham ‘n God wees, maar Abraham moet Hom dien. In hierdie verbond verbind die volk hulleself egter om ‘n sekere lewensstyl te handhaaf waarin hulle aan God gehoorsaam sal wees.

In Nehemia 10 sien ons ‘n lang lys name van die persone wat namens die hele volk die onderneming plegtig onderteken en dit dan verseël om dit ‘n amptelike en uiters belangrike dokument te maak. Héél eerste op die lys van ondertekenaars staan die naam van Nehemia, die administrateur. Dan volg die name van 22 priesters en 17 Leviete, en na hulle al die leiers in die volk. Dit was dus ‘n gewigtige dokument! Hierdie mense lê namens die hele volk ‘n dure eed

af om te lewe volgens die wet van God. Daar is egter ‘n duidelike bepaling, dat dit slegs die persone is wat hulle van die heidenvolke afgeskei het wat geraak word deur die verbintenis.

Wat behels hulle onderneming alles?

Eerstens, om nie met die heidense volke te ondertrou nie. Tydens Esra en Nehemia se leierskap kom hierdie saak telkens ter sprake. Wanneer ons die Bybel lees, moet ons besef dat sekere riglyne gemaak is onder bepaalde omstandighede. Hoe moet ons sulke riglyne vandag verstaan en hanteer? Dis natuurlik ‘n ope vraag!

Die tweede bepaling is dat daar nie handel gedryf sal word op die Sabbat nie. Dit was ‘n groot opoffering, want ál die volke rondom hulle het normaalweg voortgegaan met hulle bedrywighede op die Sabbat, en dit sou beslis hulle handel beïnvloed! In ons eie konteks moet ons ‘n bepaalde lewensstyl handhaaf te midde van die ongelowige wêreld waarin ons lewe!

Vervolgens lê hulle vir hulleself ‘n verpligting neer om geldelike bydraes te maak vir die onderhoud van die tempeldiens. Hulle sou ook hout voorsien vir die brandoffers. Is dit vir my ‘n prioriteit om my bydrae te maak vir my gemeente se funksionering?

Dan was daar ‘n spesiale bydrae wat hulle sou maak eenkeer per jaar, om die eerste vrugte van hulle oes, hetsy dit vrugte, graan, kleinvee ens. is aan God af te staan. In ons gemeente gee ons elke jaar ‘n “tiende dankoffer” wat bo en behalwe ons normale maandelikse bydraes is.

Dan is daar nog die tiendes van hulle grond wat hulle afstaan vir die gebruik deur die Leviete wat die werk van die Here doen. Dis soos ons vandag ook ons leraars onderhou sodat hulle hulle volle aandag kan gee aan hulle taak in die gemeente.

Hierdie was slegs enkele bepalinge, maar ons moet onthou dat die Wet van God baie meer omvattend is as slegs ‘n paar

bepalinge. Hierdie was maar enkele sake wat uitgelig was wat belangrik was in hulle eie tyd. Dit was sake wat verband gehou het met die onderhouding van die diens van God, of in vandag se terme die administrasie van die gemeente of kerk. Die onderhouding van God se Wet is egter baie meer omvattend. Jy leef volgens die Wet van God sodat Hy daardeur gedien kan word! Met ander woorde, my motief vir wetsonderhouding moenie oor myself gaan nie maar om my toewyding aan die Here.

Die vraag is, wat beteken wetsonderhouding vandag vir ons as gelowiges? Ons omstandighede is totaal anders as daardie tyd. Eintlik het dit reeds begin verander met die koms van Jesus, en Hy het wetsonderhouding aanvanklik beskryf as liefde vir God en jou naaste. Liefde vir God is eenvoudig, dit beteken ‘n verhouding met Hom en om te doen wat Hy vra. Naasteliefde is meer ingewikkeld, en Jesus het in meer diepte daarop ingegaan

deur te beskryf hoe daardie liefde prakties moes werk, soos byvoorbeeld Sy gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Hy het ook gesê dat ons mekaar moet liefhê net soos wat Hy ons het, en dat jy selfs jou vyand moet liefhê. Dit moet egter meer as ‘n gevoel-liefde wees, dit moet prakties wees! Kom ons gaan leef God se wet uit soos Jesus dit beskryf het!

Gebed:

Here, ek wil vandag ‘n onderneming maak om U te dien soos wat U van my vra, in liefde vir U en my naaste!

15

# Gróót Feestelikheid

## Nehemia 11 en 12

VIDEO | OUDIO

Daar was ‘n probleempie - die leiers van die volk het hulle in Jerusalem hervestig, maar ‘n stad bevolk met slegs die leiers, was nie ‘n stad nie! Daar was ‘n groot leemte, en die stad het inwoners nodig gehad. Meeste van die mense het in die dorpies rondom Jerusalem gewoon, selfs die tempelpersoneel, moontlik oor die stad in so ‘n haglike toestand was. Die stad was intussen egter herbou en gereed om sy inwoners met ope arms te ontvang.

Nehemia het dit as sy taak gesien om weer die stad te herbevolk sodat dit tot sy volle reg kon kom. Ons sien reeds in hoofstuk 7 dat hy ondersoek gedoen het oor die teruggekeerdes uit ballingskap. Nou was sy

groot taak om uit hulle genoeg mense te werf om die stad bevredigend te bevolk.

Dit wil amper voorkom asof meeste mense onwillig was om terug te keer. Diegene wat wél terug wou gaan, was geprys! Daar was dus slegs een uitweg, en dit was om mense aan te wys om in die stad te gaan woon. Dit sou nie regverdig wees van Nehemia om links en regs mense aan te wys nie, dus word daar besluit om met die lot mense aan te wys. Een uit elke tien gesinne moes hulle goedjies oppak en Jerusalem toe trek.

In die vorige hoofstuk het ons gesien hoedat die volk onderneem het om hulle tiendes van die oes vir die Here te gee. Hier gebeur egter nou iets baie groter, wanneer hulle besef dat dit nie net die tiende van die oes was wat aan God gegee moes word nie, maar ‘n tiende van die volk sélf.

God vra nie alleen jou geld en gawes nie, maar Hy vra jouself!

Die lyste wat Nehemia opgestel het van mense wat na Jerusalem moes gaan, het eerstens bestaan uit Judeërs, toe Benjaminiete, priesters en Leviete. Die Leviete het natuurlik spesifieke take gehad wat meestal geestelik van aard was. Hulle moes toesig hou oor die werk buite die tempel en hulle moes ook die musiek en sang behartig.

In hoofstuk 12 lees ons nou van die inwyding van die muur. Ons het alreeds in hoofstuk 6 en 7 gelees dat die muur voltooi was. Daar kon egter nie ‘n sinvolle inwyding wees voordat die stad nie eers behoorlik herbevolk en georganiseer was nie. Nou was dit alles afgehandel, en die inwyding kon plaasvind. Dit sou sommer ‘n baie groot geleentheid wees, want hier was ‘n gróót taak wat afgehandel was. Van heinde en verre is Leviete bymekaargemaak uit al die gehuggies om hierdie ‘n luisterryke geleentheid te maak. Dit was immers ‘n baie vreugdevolle dag! Hulle was daar met

al hulle simbale, liere, harpe en trompette, en daar was ook groot groepe sangers. Toe almal bymekaar was, het daar eers ‘n rituele reiniging plaasgevind van al die priesters en Leviete as ‘n teken van hulle toewyding aan die Here.

Na die Leviete en priesters, het die res van die inwoners gevolg, en hulle moes óók gereinig word vir die groot dag. Hulle moes vas, hulle weerhou van sekere dinge, hulle klere was, bad en offers bring. Selfs die muur en die stadspoorte is gereinig en aan die Here gewy. Dit was asof ‘n heiligdom ingewy was, en hier sien ons ook nou dat Jerusalem die “heilige stad” genoem word.

Die mense is in twee groot groepe verdeel, en in twee optogte het hulle al op die muur langs van twee kante af beweeg om mekaar by die tempel te ontmoet. Esra en Nehemia het elkeen ‘n optog gelei, gevolg deur die musikante en kore, en ná hulle die res van die volk. Ek dink dit moes ‘n asemrowende skouspel gewees het! Psalm

147 het moontlik sy ontstaan hier gekry. Luister net – vers 2: “Die Here herbou Jerusalem, die verstrooides van Israel maak Hy bymekaar.” en vers 12: “Roem die Here, Jerusalem, loof jou God, Sion, want Hy het die sluitbalke van jou poorte sterk gemaak!”

Toe kom hulle by die tempel bymekaar terwyl die priesters die trompette blaas en die kore sing. Die vreugde was baie groot en die skares - mans, vrouens én kinders het luidrugtig gejuig! Oor die klowe en rante van Jerusalem het die gejuig van die skare weerklink, en jy kon sommer van ver af die uitbundigheid hoor! In vers 43 skryf Nehemia: “want God het vir hulle 'n rede tot groot vreugde gegee!”

So is die stad aan God gewy en dit word die stad van God, die heilige stad! (11:1)

Ons sien ook hier dat alles in beweging begin kom het rondom die diens aan die Here. Priesters en Leviete is georganiseer om spesifieke take te verrig, sodat die

tempel die middelpunt begin word het waarom die hele stad gedraai het.

Soos dit gepas sou wees op só ‘n vreugdevolle dag, was daar weereens uit die boek van Moses voorgelees terwyl die hele volk aandagtig geluister het.

Jerusalem het die simbool geword van God se teenwoordigheid by die geloofsgemeenskap, en kerk (tempel) en stad het inmekaar geweef geraak. Vandag word ons opgeroep om ook ons kerkwees en menswees een te laat word. Jou Sondag- en Maandaglewe moet dieselfde wees.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike boodskap wat voortvloei uit hierdie gebeurtenis. Help my om my Sondaglewe ook voort te sit in my Maandaglewe!

16

# Toewyding

## Nehemia 13:1-14

VIDEO | OUDIO

Jy sal onthou dat Nehemia deur koning Artasasta, koning van Persië na Jerusalem gestuur was om as administrateur diens te doen nadat Nehemia verneem het van die verval van die stad. Hy was daar vir twaalf jaar voordat hy teruggekeer het na Babel.

Nadat hy 'n tyd lank in Babel was, besluit hy dat hy wou sien hoe dinge vorder in Jerusalem, en hy vra toestemming by die koning om 'n besoek te bring aan die stad. Met sy aankoms in Jerusalem, sien Nehemia sommer dadelik dat dinge lelik skeefgeloop het, en dat ál Esra se goeie werk in die tempel ongedaan gemaak was!

Jy sal ook onthou dat ons genoem het van Eljasib, die hoëpriester en dat sy kleinseun met 'n dogter van hulle groot vyand,

Sanballat getroud was. Sanballat was natuurlik kop in een mus met die Ammoniet Tobija. So het dit gebeur dat Eljasib die ongehoorde ding gedoen het en vir Tobija ‘n vertrek in die tempelkompleks gegee het. Ons weet natuurlik dat Ammoniete nie eers in die tempel toegelaat was nie! Dit was ‘n gruwelike skending van die Judeërs se vroeëre onderneming. Hulle het totaal afgedwaal van die handhawing van hulle godsdienssuiwerheid!

Ons kan die vraag vra, hoe diep die groot entoesiasme van die godsdienstige leiers waarvan ons gelees het, dan was? Was dit net veldiep? En as dit die leiers se sentiment was, wat was die situasie dan met die gewone mense? Jy sien gewoonlik dat wanneer daar verval is by die leiers, dan spoel dit oor na die gewone mense! Ek hoef nie hieroor uit te brei nie!

Ons sien dan ook dat dit nie slegs godsdiensreëls was wat oortree was nie, maar dat veral mense soos die Leviete en

sangers geraak was deur Eljasib se korrupsie, en dat hulle nie meer die rantsoene gekry het wat moes vergoed vir hulle dienste nie. Die gevolg was dat hulle genoodsaak was om hulle dienste te staak en terug te keer na hulle grond om daar ‘n bestaan te maak. En natúúrlik het die hele tempeldiens hieronder gely omdat daar nie meer sangers was nie en die tempeldiens verwaarloos was sonder Leviete om die werk te doen!

Wanneer jou godsdienstige aksies nie waarlik uit die hart kom, en ‘n persoonlike oortuiging is nie, sal dit die een of ander tyd skipbreuk ly! Dis ‘n eeue-oue probleem dat mense toestem om iets mooi te doen sonder dat hulle werklik uit die hart oortuig is. Later, wanneer die situasie verander, vergeet hulle gerieflik van die onderneming! Om God te dien bloot omdat dit van jou verwag word, is suiwer ‘n lewensmetodiek. Die ware dien van God kom diep uit die hart.

Nehemia was verplig om drastiese stappe te neem. Tobija se goed is alles uit die tempelvertrek wat hy beset het uitgesmyt sodat daar weer plek was vir die tempeltoerusting wat oorspronklik daar geberg was. Hy het die persone wat verantwoordelik was vir die bestuur van die tempel hard oor die vingers getik oor hulle nalatigheid. “Waarom word die huis van God verwaarloos?” het hy hulle ontsteld gevra.

Hy het egter nie gaan sit en tob oor die skade wat aangerig was nie, maar hy het proaktief opgetree. Die eerste stap was om weer al die mense wat in diens van die tempel was te laat haal sodat hulle weer hulle taak kon uitvoer en die tempeldiens herstel. So ‘n tempeldiens kon egter nie geskied sonder die nodige voorraad nie, dus word die volk versoek om by te dra. Deur die hele Juda was daar tiendes ingesamel van koring, wyn en olie sodat die tempel weer behoorlik kon funksioneer.

Die volgende stap was om persone aan te stel om die tempeldiens te bestuur en toe te sien dat daar deurentyd genoeg voorrade was asook dat die Leviete en sangers hulle regmatige toelaes sou kry.

Ons kan baie leer uit die lewe van Nehemia. Sy toewyding aan die Here was werklik noemenswaardig. Toe hy verneem het van die verval van Jerusalem, het hy sy rustige en waarskynlik gemaklike lewe in die paleis laat vaar om vir twaalf jaar lank onder moeilike omstandighede Jerusalem te herbou. Selfs nadat hy weer terug is na Babel, het hy steeds nie ophou omgee nie. Hy het weereens ‘n baie lang en moeisame reis onderneem om seker te maak dat alles steeds glad verloop in Jerusalem.

Deurentyd sien ons boonop dat hy sy vertroue keer op keer slegs in die Here gestel het. Vir alles wat hy gedoen het, vra hy telkens eers God se goedkeuring. ‘n Toegewyde lewe voor God is die enigste manier waarop hervorming waarlik gaan bly

staan. Ons sien nie in Nehemia die sterk man wat alles regmaak wat verkeerd is nie. Hy is totaal afhanklik van God en hy doen slegs wat die Here van hom vra. Die Here vra ook van ons totale afhanklikheid van Hom!

Gebed:

Here, ek skiet ver tekort as leier, en ek volg dikwels my eie kop sonder om eers U wil te soek. Help my asseblief om toegewyd te wees in alles wat ek vir U doen, in totale afhanklikheid van U alleen!

17

# Die Sabbat Ontheilig

## Nehemia 13:15-22

VIDEO | OUDIO

Een mooi Sondag ry ek deur Durban na ‘n kerkbyeenkoms. En skielik sien ek iets wat ek nog nooit voorheen gesien het nie: winkels wat oop is en hulle goedere verkoop! Geskok trap ek rem om wéér ‘n slag mooi te kyk. Nee, dit was nie my verbeelding nie! Het ons regering dan nou só laag gedaal dat hulle handel op Sondae toelaat? Ek het my kop geskud en verder gery. Binne enkele maande was daar haas nie ‘n enkele winkel wat nie op Sondae oop was nie, want diegene wat nie hulle deure oopgemaak het nie, sou finansieel nie die paal haal nie! Vandag is Sondag die besigste dag vir meeste winkels!

Nehemia was nét so geskok toe hy in Jerusalem aankom, want wat sien hy? ‘n

Boer wat besig was om sy druiwe in ‘n parskuip uit te trap om wyn te maak! ‘n Ent verder kom hy iemand tee wat besig was om sy donkies aan te jaag, en die diere was gelaai met graangerwe. “Maar is dit dan nie vandag die Sabbat nie?” wou hy weet.

Met afgryse moes Nehemia toekyk hoedat rye donkies op pad was na Jerusalem, almal gelaai met produkte soos druiwe, vye en wyn. “Waar gaan julle heen met hierdie goed?” het Nehemia gevra.

“Ons gaan dit verkoop in Jerusalem, meneer!” was die antwoord telkens.

“Hoe kan julle?!” het Nehemia geraas. “Dis vandag die Sabbat! Julle behoort mos te wéét dat mens nie handel dryf op die Sabbat nie!”

“Maar meneer, as ons dit nie doen nie, dan steel die heidenvolke ál ons besigheid!”

In Jerusalem sien Nehemia die stalletjies van die inwoners van Sidon af wat hulle vis

verkoop. Toe begin hy besef waar die probleem begin het.

Hy het dadelik die leiers van die stad en al die hoëlui bymekaargeroep. Nehemia was beslis nie ‘n gelukkige man nie. Hy was skaars ‘n jaar of twee weg, en hier was alles besig om uitmekaar te val! “Wat is hierdie bose ding wat julle aanvang? Julle ontheilig die Sabbatdag!” Nehemia het die stadsleiers daarop gewys dat hulle voorouers óók so God se voorskrifte verontagsaam het. En wat was die gevolge? Daar het ‘n groot onheil oor hulle gekom! “Julle gaan die toorn van God oor Israel kry omdat julle die Sabbat ontheilig!”

Onthou, hierdie volk het ‘n heilige onderneming met God gemaak dat hulle Sy voorskrifte sou handhaaf. Skaars was Nehemia weg, of hulle verontagsaam hulle eie onderneming!

Nehemia het sommer dadelik ingespring en die grootste oorsaak van die probleem gestuit. Hy het beveel dat die poorte van

Jerusalem op ‘n Vrydagmiddag voor sononder gesluit en gegrendel moes word en nie voor Saterdagmiddag na sononder oopgemaak mag word nie. Dit sou keer dat enige buitelander die stad kon inkom om handel te dryf.

Natuurlik was hierdie handelaars nie gelukkig nie, en baie van hulle het buite die poorte uitgekamp op ‘n Sabbat, seker maar met die hoop dat hulle per geluk sou kon inkom, of dat die streng maatreëls die een of ander tyd sou verslap. Nehemia het hulle egter daar verwilder en gedreig met streng stappe! Hulle was immers die groot oorsaak van die probleem!

Die vraag is, hoe ons vandag hierdie Skrifgedeelte op onsself moet toepas? Eintlik is ek huiwerig om daaroor te gesels, omdat daar verskillende sieninge hieroor is onder Christengelowiges. Daar is gelowiges wat glo dat ons vandag die Sabbat moet onderhou presies soos wat dit daardie tyd gegeld het. Dan sou dit beteken dat die

Sabbat nie op Sondae gevier word nie, maar van sononder Vrydagaand tot sononder Saterdagaand. Die Sewendedag Adventiste vier dit vandag nog so, en ek wil vir géén oomblik sê dat hulle verkeerd is nie, want dit is soos hulle die Skrif interpreteer en ek respekteer hulle daarvoor. Ek interpreteer die Skrif egter anders. Paulus het immers gesê dat party mense glo dat die een dag meer besonders is as die ander, en ander weer dat al die dae ewe belangrik is. Ons moet egter mekaar se verskillende sieninge respekteer !

Ek glo persoonlik dat die Sabbat vervang is met Sondag met Jesus se opstanding. Ek wil nie hier in diepte ingaan oor die redes vir my siening, asook die siening van die kerk in die algemeen nie, want dit sal ‘n lang bespreking neem. Ek glo egter ook dat dit anders is as die oorspronklike viering van die Sabbat, en nie slegs ‘n vervanging nie!

In kort sien ek ‘n Sondag as ‘n baie nodige rusdag van jou weeklikse werk. Terselfdertyd is dit ook ‘n dag wat ek aan die Here en Sy werk wy. Dit is dus nie ‘n dag van niksdoen nie, maar juis ‘n dag waarop ek sal kerktoe gaan om saam met ander gelowiges die Here te dien en meer van Hom te leer. Verder is dit ook die tyd om dinge vir die Here en my medemens te doen waarvoor ek deur die week nie tyd het nie. Dit sou dus gladnie verkeerd wees om gesellig saam met vriende te kuier nie.

En as Sondag vir jou ‘n normale werkdag is? Dan is enige ander dag óók goed genoeg (volgens Paulus) om as rusdag aan God te wy.

Gebed:

Dankie Here, dat U uit U groot genade vir ons ‘n rusdag gegee het om weer ons kragte op te bou en terselfdertyd tyd saam met U te spandeer!

# Gemengde Huwelike

## Nehemia 1:1-7

**VIDEO | OUDIO**

Die wet op gemengde huwelike het destyds vir sommige mense groot hartseer veroorsaak. Vir ander was dit weer 'n baie ernstige saak wat Bybels gefundeer was. Sommige mense het met groot woede reageer teen die wet, terwyl ander weer met ewe groot woede reageer het teenoor diegene wat dié wet oortree het. Die kerk het die wet verdedig met Bybelse gronde dat dit wél geregverdig was, terwyl ander kerkgroepe weer heftig geprotesteer het dat daar géén Bybelse gronde daarvoor was nie. Hulle is as rebelle en "kommuniste" beskou! Wie was reg?

Ek wil my nie uitlaat oor wie reg en verkeerd was nie, want vandag is die debat steeds aan die gang, hoofsaaklik gegrond

op sosiale oorwegings. Ek wil beslis nie in ‘n debat hierby betrokke raak nie! Maar in Nehemia se tyd was dit ‘n baie teer saak. Ons kan egter nie op grond van dit wat in daardie tyd ‘n baie belangrike oorweging was, ‘n uitspraak maak wat gemengde huwelike vandag sou afskiet nie!

Kom ons kyk ‘n bietjie wat in die Bybel hieroor geskryf is om te verstaan wat die probleem was in Nehemia se tyd, asook hoe ons dit vandag moet interpreteer.

As ons dink aan gemengde huwelike, dan is die eerste persoon wat by ons opkom die wyse koning Salomo en sy duisend vroue. Alhoewel hy as die “koning van liefde” beskou word, was sy huwelike hoofsaaklik as gevolg van politieke redes. Hy het getrou met dogters van konings van ander volke om sodoende bande te smee sodat hy nie deur hulle aangeval sou word nie, en nie uit liefde nie. Dit was alles goed en wel, maar uiteindelik is hy deur sy vroue verlei tot

afgodery, en dis waar die groot probleem ingekom het!

‘n Tweede voorbeeld is die sterk man, Simson. Die Filistynse Delila was uiteindelik sy ondergang. Ook Dawid was verlei deur ‘n Hittitiese vrou, en dit het gelei tot moord!

Maar dan moet ons ook die ander sy van die saak raaksien. Ragab was nie alleen ‘n prostituut nie maar ook ‘n Kanaäniet. Sy het egter met ‘n Israeliet, Salmon getrou. Die groot Koning Dawid is uit haar nageslag gebore, en so ook uiteindelik Jesus, die Verlosser. Haar seun, Boas is later getroud met nóg ‘n heidense meisie, die Moabiet Rut. Alles gemengde huwelike!

In Nehemia se tyd was daar egter ander faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die Judeërs ‘n onderneming moes teken dat hulle nie by gemengde huwelike betrokke sou raak nie. Die gevaar was altyd daar dat die huweliksmaats hulle tot afgodery sou kon verlei soos die geval was met Salomo.

Daar was egter ook ander faktore. Nehemia het mense teëgekom wie se kinders gladnie meer hulle eie taal, Hebreeus kon praat nie, hulle het Asdods of die een of ander heidense taal gepraat. Hulle kon dus nie opgroei as deel van die volk nie!

Daar was egter ander, meer ernstige gevolge. Een voorbeeld was die kleinseun van die hoëpriester, Eljasib wat met Sanballat se dogter getroud was. Hy sou uiteindelik hoëpriester word, en omdat hy met ‘n heiden getroud was, sou dit die heiligdom skend omdat hy permanent onrein was. Erger nog, was dat sy seun ná hom óók hoëpriester sou word! Dit sou beteken dat ‘n half-heiden die werk van God in die tempel sou moes doen! Dit was ongehoord! Nehemia was woedend! Hy het die man weggejaag!

Ons sluit die boek Nehemia af deur enkele opmerkings.

Ons moet besef dat ons nooit in ons huidige lewe van sonde en die gevolge daarvan

gaan ontslae raak nie. Nehemia het dit baie gou agtergekom! Niemand is daarvan gevrywaar nie, selfs nie eers die kerk nie. Die enigste raad is dat ons gelowiges gedurig daarteen moet waak en mekaar moet aanmoedig en ondersteun.

Esra en Nehemia het ‘n groot invloed gehad op latere geslagte. Hulle was grootliks daarvoor verantwoordelik dat die “Wet van Moses” die gesagvolle maatstaf vir die lewe geword het. Dit was ook die begin van die aanvaarding van spesifieke boeke wat uiteindelik die Woord van God geword het, en wat ons steeds vandag aanvaar as die Ou Testament.

Dit is juis ook in hulle tyd waar die Joodse gemeenskap se baie kenmerkende eienskappe vorm begin kry het. Hier was die basis gevorm van suiwerheid van afkoms asook hulle getrouheid aan die Tora en veral die onderhouding van die Sabbat.

Ongelukkig het dit ook gelei tot ‘n baie letterlike vertolking van die wet, wat

uiteindelik wetties geïnterpreteer en uitgeleef was. Dit het veral later in die lewens van die Fariseërs en Skrifgeleerdes in die Nuwe Testamentiese tyd baie sterk na vore gekom. En natuurlik het dit uiteindelik die platform geskep vir die koms van die Messias.

Die boeke Esra en Nehemia is vandag vir ons as moderne gelowiges uiters relevant. Ons sal op ‘n later stadium ook vir Esra takel.

Gebed:

Here, dit is dikwels so moeilik om U Woord reg te verstaan. Ek vra vir wysheid om te hoor uit U Woord wat U vir my wil sê!